# Die Diefstal

Eendag, lank gelede, toe kabouters, feetjies en hekse nog gelewe het, was daar drie stoute kabouters wat vir hulle koning gewerk het. Toe eendag roep Koning Reuse Voet die drie kabouters op hulle name. "Pokkel, Kaggel, Slaper, kom hier!"
Die drie kabouters hardloop hulle beentjies af tot by die koning. "Ja, koning Reuse Oor," sê Slaper. Die ander kabouters giggel. "Stilte!" sê 'n brullende stem. "Suuut!" sê Pokkel vir Kaggel, "die koning wil iets sê." "Mejuffrou Jenna, die feëkoningin, kom oormore na kabouterland toe. Ek wil hê julle moet 'n opvoering hou.

(Na die vertoning)
"Goed, nou wil ek vir jou die goue Varing wys," sê die koning. Hulle het nie lank geloop nie, toe hoor hulle vir Gap Knap skree:"Iemand net die goue Varing gesteel!" Toe Gap Knap by die koning kom, vra hy: "Wie het die goue Varing gesteel?" "Ek dink die pers heks," sê Gap Knap. Toe die koning by sy kasteel kom, gee hy opdrag vir Pokkel, Kaggel en Slaper en 'n ander paar kabouters om die goue Varing te gaan soek. Die kabouters het 'n rukkie geloop toe raak hulle vaak. Hulle besluit om net daar te oornag. Die volgende oggend toe hulle wakker word, is hulle in die pers heks se grot! "Hi-hi-hi," lag die heks. Die blou lemoentjies lag ook lekker. "Hi-hi-hi..." "Julle dom ape. Julle sal nooit die goue Varing betyds kry nie, want ek laat hom doodgaan. Hi-hi-hi. Loop smyt hulle tussen die slange in." Die blou lemoentjies doen wat sy sê. "Ons is honger!" sê die kabouters. "Neem vir hulle akkedisstert," sê die heks vir die blou lemoentjies. Pokkel slaan die blou lemoentjie oor die kop toe hy vir hulle die kos bring. "Kom ons moet maak dat ons wegkom!" gil hulle vir mekaar. "Het jy die goue Varing, Slaper?" "Ja, kom!" Die kabouters hardloop deur die bosse tot by die koning se paleis. "Ons het die goue Varing, Koning!" "Julle is wonderlik! Hier is julle beloning: vir twee jaar mag julle in my paleis kom woon en elkeen kry vir die tydperk koninklike behandeling!" Die kabouters was baie in hulle skik met hulle goeie daad en het sommer gelukkig in die paleis gewoon vir die twee jaar!



Vragies:
1. Wat was die koning se naam?
2. Hoeveel kabouters was daar en wat is hulle name?
3. Wat is die feëkoningin se naam?
4. Wat moet die kabouters vir haar doen?
5. Wie het geskree dat die goue Varing weg is?
6. Wie het die varing gesteel?
7. Wie is die "blou lemoentjies?"
8. Watter soort kos het die kabouters gekry om te eet?
9. Wat was die kaboutertjies se "beloning"?
10. Lettergrepe: koning brullende kabouterland opvoering varing lemoentjies kaboutertjies akkedisstert hardloop
11. Verkleining: koning = opvoering = varing = heks = kasteel = aap = slang = paleis =